



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 ❁ Nr 144 ❁ MEI 2018

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Woekerblad	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Gebedsaksie	6&7
Pinkster	8
Pinkster	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

*Wil jy graag
iets in ons
koerantjie plaas
of self ietsie
skryf?*

*Bydraes vir Mei
moet Kerkkantoor
voor 12:00 op
Maandag,
14 Mei bereik!*



LIESEL KRAUSE-WIID LEER HAAR KINDERS 'N BAIE BELANGRIKE LES OOR HEMELVAART, WAT OOK VIR ELKEEN VAN ONS 'N LES KAN WEES.....

Ons sien baie keer in films oor Jesus se lewe dat die film gewoonlik begin met die geboorte van die kindjie Jesus in Betlehem en dan heel plegtig eindig met Jesus se hemelvaart en die son wat op die horison skyn.

Dit kan ons verkeerdelik laat glo dat Jesus nie nou by ons is nie! Wanneer die Bybel sê dat Jesus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God dui dit nie daarop dat Jesus nou slegs op een plek is nie. Nee, dit dui op 'n posisie, Jesus regeer nou oor die hele wêreld! Wat Hy doen is om Koning te wees. Jesus se hemelvaart is nie die einde van Jesus se betrokkenheid op aarde nie, nee dit is die begin van iets nuuts! Hemelvaart gaan daaroor, dat daar 'n nuwe era, 'n nuwe fase aangebreek het in die mens se verhouding met God.

Jesus is daarom nie net op een plek nie, Hy sit nie net op 'n troon nie, nee Hy regeer en Hy is oral waar ons beweeg! Hy is by ons!

Partymaal as dit swaar gaan met ons, voel dit vir ons of God van ons vergeet het, of nie by ons is nie, maar die Bybel belowe dat Hy elke minuut van dei dag by ons is en daaraan kan ons vashou.

Geloof is meer as 'n gevoel, dit is ook 'n diep wete!

Dalk sien jy nie vir God nie, maar hy weet van jou en sien jou! Hier is 'n mooi storie wat dit verduidelik!

Daar was 'n gesin wat in 'n pragtige dubbelverdieping huis gewoon het, een nag word die pappa wakker en besef die huis is aan die brand, hy maak die mamma wakker en kry sy vrou, seuntjie en dogtertjie so gou moontlik uit die huis uit.

Hul 7 jaerige seuntjie hardloop toe terug in die huis, op met die trappe om sy karretjie te gaan haal, maar toe hy weer wou buite toe hardloop het die vlamme reeds die trappe bereik en was hy vasgekeer.

Hy hardloop toe na die venster en roep benoud na sy pa, sy pa het onder die venster van die dubbelverdieping huis gaan staan en vir sy seun gesê spring ek sal jou vang! Maar die seun het geskree "Pappa ek kan jou nie sien nie, ek kan jou nie sien nie, dit is net rook en vlamme!" Die pappa het rustig geantwoord "Maar ek kan jou sien!"

Soms sien ons God nie, maar Hy is daar en Hy sien ons!

Ons sien God se hand in ons lewe, wanneer ons kos op die tafel het om te eet, wanneer mamma en pappa lief is vir jou, wanneer ons kan skool toe gaan. Selfs as dit swaar gaan is Hy daar, want Hy belowe dit vir ons!

Moet Hom nie mis kyk nie, Hy is elk dag en nag by jou!

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. *WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).*

BERG 80 VERJ: MEI 2018

LET WEL:

Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Cloete	Anna	05/07	91
Stander	Pattie	05/10	80
Varley	Joey	05/10	81
Brand	Willie	05/16	83
Rocher	Hermann	05/16	86
Hanekom	Daphne	05/17	84
Dippenaar	Jessie	05/19	87
Fourie	Joey	05/22	87
Roux	Marie	05/23	82
Visagie	Sally	05/23	82
Van Wyk	Gwennie	05/24	87

Rom 15:13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!



DIE RAPHA VROUEGROEP HET OP 16 APRIL 2018 ROMMEL OPGETEL IN BROADWAY AF TOT BY DIE STRAND EN DAARNA SAAM NAGMAAL GEHOU:



TE KOOP BY KERKKANTOOR

Heerlike varsgebakte koekies @ R20 per pakkie

Beskuit @ R30

Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfynt @ R20 per potjie

Anna se organiese Hanepoot Druiwestroop @ R15 per botteljie

Lappiesboontjies @ R45 p/kg



ALLES is ten bate van die Voedsel feesfonds: Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedsel feesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of 'n maand voor die Voedsel fees plaasvind nie.

VIR FINANSIËLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos:

fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedsel fees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollekesakkies geplaas kan word.



Jy kan ook nou die ZAPPER selfoon toepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"

Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir inligting of navrae: 021 853 5991



Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.





FOKUS OP DIE HUWELIK

DIE LIEFDE VOEG WAARDE TOE...

Hier is 'n baie insiggewende blog deur [Madele Burger](#)

"Of ons dit nou wil erken of nie, dit wat ons deesdae van huwelike sien en hoor is nie baie mooi nie.

So min mense is opgewonde oor hulle huwelik. Mens hoor soveel negatiewe goed wat mense met hulle huweliksmaats doen, wat hulle oor hulle huweliksmaats sê, dis eintlik angswekkend. As dit dan só gaan en as dít die atmosfeer is wat mens optel, kan dit soms nie anders dat jyself ook sommer begin dink dat jou eie huwelik ook nie veel werd is nie.

Dag 120 uit die dagstukkiesboek, "Waag dit om lief te hê" skryf so mooi oor hierdie onderwerp. Spreuke 5:18-19 is die sleutelfers. Die beskrywing: "Moenie dat die samelewing rondom jou jou huwelik se waarde bepaal nie. Om jou huwelik met iets te vergelyk wat weggegooi of vervang kan word, is om God se doel vir die huwelik te oneerbiedig. Dit sal wees soos om 'n ledemaat te amputeer. Jou huwelik behoort eerder 'n prentjie te wees van liefde tussen twee onvolmaakte mense wat kies om mekaar ongeag alles steeds lief te hê.

Elke keer wanneer 'n man in sy vrou se oë kyk, moet hy onthou: Wie sy vrou liefhet,

het homself lief, en 'n vrou moet onthou dat wanneer sy hom liefhet, sy ook haarself liefhet en respekteer.

Wees altyd op die uitkyk vir maniere waarop julle kan waardeer en beskerm wat God vir julle in mekaar gegee het en moet nooit skaam wees om vir jou maat te sê hoeveel waardering jy vir hom of haar het nie. Wanneer jy na jou maat kyk, kyk jy ook na 'n deel van jouself. Behandel haar dus goed. Praat dus met lof van hom. Versorg en koester die liefde van jou lewe."

Kom ons werk aan ons huwelike. Soveel so dat ons begin om 'n positiewe atmosfeer te skep en sodoende ook ander aan te moedig om te werk aan hulle s'n!! Onthou, die dag toe ons getrou het, het ons gedink: "Ons huwelik gaan anders wees." Maar dis net onself wat ons huwelik kan anders maak!! Kom ons maak dit FANTASTIES!!

Liefde is 'n keuse!!"



RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: vir prutpot ("SLOW COOKER"): **BRAAI/VERBRUIN:** Vir bredies is dit **NIE NODIG** om uie en vleis vooraf te braai nie. Jamie Oliver het verskeie toetse gedoen en bevind daar's geen smaakverskil in die eindproduk nie. So spaar jouself die ekstra moeite en vuil skottelgoed! Plaas jou vleis en groente **NET SO ROU** in die prutpot.



LEKKER SOPPE VIR DIE PRUTPOT ("SLOW COOKER")

GROENTE SOP IN DIE PRUTPOT

Ongeveer 500g lamsvleis/beesvleis (lekker bene vleis)
1 ½ kp droë sopmengsel (Lensies, ertjies of gemeng ens)
2 liter kook water
1 blik geskilde tamaties
1 groot ui fyn gekap
2 aartappels gerasper
4 wortels gerasper
1 ½ kop gekapte seldery
½ kop leeks (preie) opsioneel
1 pakkie groentesop poeier
Sout, peper en worcestersous na smaak
Ander kruie soos pietersielie ens na smaak

METODE:

Opsioneel: Gooi 'n blik pitmielies (sonder water) in

Groente kan in blokkies gesny word as jy 'n growwe dik sop wil hê.

Plaas al die groente en sopmengsel in die slow cooker en sit die vleis bo-op.

Maak die soppoeier aan met water en gooi oor die vleis en groente.

Sit die slow cooker op "LOW" en laat dit prut deur die nag vir ongeveer 10 ure. Of sit die slow cooker op "AUTO" voor jy werk toe gaan en die sop sal na 8 ure reg wees. Indien jy meer geurmiddels verkies, sit dit by voor opdiening

BRON:

Rens, Plasing: Tiana Botes / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK

<http://www.watertandresepteviroudenjonk.com/prutpot-resepte.html>



TEX-MEX-HOENDERSOP IN 'N PRUTPOT

1 kg hoenderdye, vel verwyder
4 k hoenderaftreksel met laer natriuminhoud
3 groot selderystingels, in skyfies gesny
3 middelslag-wortels, in skyfies gesny
2 matige brandrissies, saadjies verwyder en gekap
1 middelslag-ui, gekap
3 knoffelhuisies, gekap
1 e fyn komyn
1 e fyn koljander
2 blikke (400 g elk) wit (cannellini-) bone, gedreineer
sout
230 g goudakaas, gerasper
2 e lemmetjiesap
gekapte avokado
koljanderblare
suurroom
gebakte tortillarepe vir garnering, opsioneel (resep is onderaan)

METODE

Plaas die hoender, aftreksel, seldery, wortels, rissies, ui, knoffel, komyn, koljander, bone en ½ t sout in 'n 6 liter- tot 8 liter-prutpot se bak. Bedek en laat kook op laag vir 4 tot 5 uur of totdat die wortels sag is.

Verwyder en gooi die bene van die hoender weg; skeur die hoender in stukkie en skep dit terug in die prutpot. Voeg die kaas, lemmetjiesap en ¼ t sout by die sop en roer totdat die kaas smelt. Garneer met avokado, koljander, suurroom en gebakte tortillarepe, as jy wil. Sit voor.

GEBAKTE TORTILLAREPE

Voorverhit die oond tot 220 °C. Plaas 4 klein mieliemeeltortillas bo-op mekaar; sny dit in 3 mm-repe. Pak dit in 'n enkellaag op 'n groot bakplaat. Spuit met kleefwerende kossproei. Bak vir 4 tot 5 minute of totdat dit 'n diep goudbruin kleur het. Laat dit heeltemal afkoel.

WERK VOORUIT:

Volg die resepte tot by stap 2. Hou dit op die prutpot se warmhouerstelling vir tot 3 uur of skep dit in 'n houer, bedek en verkoel vir tot 2 dae. Verhit dit op die stoof oor mediumhoë hitte vir sowat 15 minute of totdat dit prut. Gaan voort met stap 3.



BRON:

<https://www.goeiehuishouding.co.za/all-recipes/tex-mex-hoendersop-in-n-prutpot/>

GEBEDSAKSIE: MEI 2018

ONDERWERP: PINKSTER

Kernkrag, steenkool, olie is oneraardse versteekte kragbronne.

Net soos God die mens die vermoë gegee het om hierdie ondergrondse bronne te ontgin vir kragopwekking, gee God aan die mens die vermoë om die Hemelse Kragbron te ontgin en te gebruik. Die aardse kragbronne word met behulp van mynspanne en mynmasjiene ontgin; die Hemelse Kragbron met **eensgesinde, volhardende gebed**.



Nadat Jesus Sy dissipels beveel het om te wag belowe Hy in Hand. 1:8” *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom* “. Hulle het gedoen wat Jesus hulle beveel het en hulle het almal **eensgesind volhard in gebed**. Toe gebeur dit die geweldige kragontploffing die uitstorting van die Heilige Gees.

Want as hierdie Kragbron oopgeboor word is dit soos ‘n artesiese bron wat met krag uitspuit en nie gekeer kan word nie.

Daar is egter hindernisse dat hierdie Bron nie tot volle kragtige werking kan kom nie en dit is selfsugtige optrede. Geestelike krag kan nie tot Sy volle kragtige werking kom as elkeen apart net vir homself in sy eie hoekie bid nie, nee die oopboor van hierdie artesiese bron lê in **eensgesinde volhardende gebed**. Hierdie ontploffende krag kan nie plaasvind in ‘n atmosfeer van eie-ek, selfsug en jaloesie nie, alleen in atmosfeer van eensgesindheid en liefde.

In Sy groot genade het God die hemelse geestelike skatte van seëninge aan ons beskikbaar gestel, maar Hy gaan dit nie vir ons ontgin nie, Hy gee aan ons die vermoë en die toerusting om dit te doen as medewerkers vir Hom.

Met dieselfde vasbeslotenheid om die aardse kragbronne te ontgin vir kragopwekking moet ons, ons beywer om die Hemelse Kragbron te ontgin sodat hierdie artesiese Bron met krag in strome kan uitspuit en met kraggolwe die gebed verhoor”Laat U koninkryk kom”

God en die mens is in vennootskap.

Ons bid God stel vry.

Ons is God se mynwerkers, Sy medearbeiders, ons gebruik die myngereedskap **gebede** wat God tot ons beskikking stel en dan kan Christus as oorwinnaar deur die Heilige Gees kragtig werk.

God se intense verlange om aan ons die kragbronne van die hemel beskikbaar te stel, is verbonde aan gebede wat vanaf die mens na Hom gestuur word, omdat vir God is **eensgesinde volhardende gebede** die teken van bereidwilligheid om Sy hemelse gawes te ontvang en ons begeerte om saam met Hom te werk.

God belowe dat ons sal ontvang as ons so bid. Hoekom ontvang ons dan nie die uitspuiting van die hemelse Artesies Bron nie?

Die Vader-God wil so baie graag Sy hemelse kragbronne met ons deel en Hy is baie gelukkig as Hy dit kan doen, MAAR dan moet ons besef dat hierdie groot Kragbron die Heilige Gees van groot waarde is en dit word nie somer ligtelik uitgedeel nie, WANT die Vader kan nie hierdie Kragbron laat ontgin waar lou harte en halfhartige gebedsversoeke is nie.

Jak. 1:6-8 leer ons halfhartige en twyfelende gebede word nie verhoor nie en ook nie as daar sonde in ons lewe is nie en veral ongeloof; die kern van sonde want deur ongeloof verwerp ons Christus en alles rondom Hom, asook die sonde van onvergewingsgesindheid.

Die Vader- God nooi ons in Jes. 1:18

“Kom laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlaken rooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu—

Sonder die Heilige Gees lei ons dus ‘n weeskind lewe. Onseker, eensaam en alleen.

Is ons tevrede om in die donker koue wêreld sonder die groot Kragbron rond te ploeter???

WATTER krag stel hierdie Kragbron dan vry om ons uit te lig uit ons weeskind bestaan?

Hy oortuig my van sonde: Joh. 16:7-9

Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie aan My nie"

As die Gees jou oortuig bely, verkry vergifnis en geloof sal soos 'n borrelende fontein word

Die Heilige Gees se krag voorsiening is "---om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en opbou van die liggaam van Christus" Ef 4:12.

Die kerk en ook Lourensrivier gemeente kan los van die Gees lewensvatbaarheid hê nie, die volle werking en seëninge van die Heilige Gees word dus ervaar in die gemeenskap van die gelowiges waar daar **eensgesinde volhardende gebed is**.

Ons is in aanbidding en gebed deur die Heilige Gees in diens van Christus, wat aan elkeen van ons, ons eie gawe gee en die een kan nie los van die ander staan nie daarom moet elkeen 'n bedienaar wees en kan ons nie slegs toeskouers wees nie. Die gemeente moet 'n lewende, werkende liggaam van al die gelowiges saam wees, saam in gebed, sang en lofprysing, dan sal daar Artesiese Krag ontspring wat, sal heelmaak en opbou en uitbou aan die liefdesewangelie van Jesus. Net dan kan deur die kragtige werking van die Heilige Gees ons harte van klip in harte van vlees verander sodat ons in staat is om andersdenkende mense, vreemdelinge en uitgeworpenes met liefde in ons harte te verwelkom.

Die groei van ons gemeente en kerk is net moontlik deur kragtige werking van die Artesiese Kragbron die Heilige Gees. Hierdie Kragbron word net oopgeboor deur **gemeenskaplike, eensgesinde volhardende gebed** en as dit oop is kan niks die vloedgolf van die Gees keer nie dan rol dit oor tot aan die uithoeke van die aarde.

KOM ONS BID SAAM IN EENSGESINDE VOLHARDENDE GEBED.

- ♥ Bid vir die komende Pinksterdienste dat God Hom so aan die gemeente openbaar dat almal Hom werklik sal ken en Sy kragbron in elkeen opgewek sal word.
- ♥ Bid vir die leraars dat ons Kragbron se lig deur hul sal skyn en ander aansteek.
- ♥ Bid vir die kinders en jeug van ons gemeente dat hulle gewillig sal wees om in gebed saam te wees en so deel word van die magtige stroom van God se genade.
- ♥ Bid vir die gebedsbediening van die gemeente dat elkeen in die gemeente sal deel word van gemeenskaplike, eensgesinde volhardende gebed.
- ♥ Bid vir die versorgingsbediening dat die gawe van liefdevolle begeleiding onder leiding van die Heilige Gees aan hulle gegee sal word.
- ♥ Bid vir die evangelisasie-bediening dat hulle toegerus sal wees vir die verkondiging en bediening van die Woord gevul met die Heilige Gees asook die uitbreiding van die werking van die Heilige Gees oor grense heen.
- ♥ Bid vir die Kleingroepbediening vir groei asook die begeerte vir OORGEE, OMGEE, AANGEE
- ♥ Bid vir volgehoue gebed in die gemeente, want waar die Gees besig is om te werk MOET ons bid!

Deur Marie Roux

Kom houvas aan Jesus se woorde voor Sy kruisiging en Sy laaste woorde aan sy dissipels voor Hy opgevaar het:

Joh 14:16-17 "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Hand 1:8-9 "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

WAAR KOM DIE PINKSTERTRADISIE VANDAAN?

Paassondag en Pinkstersondag omraam die oudste en belangrikste seisoen in die kalender,

Pinksterfees, 'n periode van vyftig dae.

Oorspronklik is daar nie net na die laaste dag as "Pinkster" verwys nie, maar na die hele seisoen.

Die Engelse Pentecost kom van die Grieks - pentecoste - wat "vyftig" beteken. Tydens hierdie vyftig dae gedenk ons nie net Jesus se opstanding nie, maar die werk van al drie Persone. Agter alles staan God as Vader, Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word. Christus het opgestaan en so die oorwinning oor die dood bekragtig. Die gees skenk aan ons geloof en bewerk die opstandingslewe in ons. Hy laat ons deel in die werk van Christus. Hy skakel ons by God se plan in as ontvangers én

verspreiders van die Nuwe lewe. Soos die Pasga was die Pinksterfees oorspronklik 'n Joodse fees:

die Dag van die Eerste Vrugte of Fees van die Weke (Shabuoth), die oesfees waarvan Lev 23:16 praat. Gedurende die eerste eeu n.C. het die Jode hierdie fees begin assosieer met die ontvangs van die wet op die berg Sinai. Christene het die parallel getrek tussen die Jode se ontvangs van die wet en hulle ontvangs van die Gees. Dit kan moontlik selfs wees dat Paulus na hierdie kontras verwys in Kor 3:7-8.



Wat vier ons met Pinkster?

Op Pinkstersondag vier die kerk die uitstorting van die Heilige Gees, toe tonge van vuur en die gawe om in tale te praat oor die dissipels gekom het. Die dissipels, wat aan die treur was oor Jesus se weggaan (hemelvaart), is op hierdie dag vervul met blydschap en kragtig in beweging gebring om die nuus van Jesus se opstanding die hele wêreld in te dra. 'n Mens kan amper sê dat die kerk op hierdie dag gebore is. Pinksterdag is inderdaad die verjaardag van die kerk!

Die tien dae tussen die Hemelvaart en Pinkster het die karakter verkry van 'n tyd van afwagting tot die Gees die Kerk nuut maak en uitstuur. Pinksterbidure het in die NG Kerk-familie só 'n tyd van afwagting geword. Sulke bidure is egter nie 'n gebruik elders in die kerk nie. In 1860 was daar groot herlewings in die Kaapse NG Kerk-familie. Andrew Murray het 'n groot aandeel daaraan gehad en gemaak dat die herlewing sterk sendinggerig was. Die herlewing het oor die hele land versprei. Gebed en die werking van die Heilige Gees is beklemtoon. In sommige gemeentes is daagliks vir gebed bymekaargekom. Hier het Pinksterbidure (en trouens ook die week van Gebed) ontstaan. Dis belangrik om in Pinkstertyd besondere klem te lê op ons getuienis na buite. Voorbidding vir sending en plaaslike sendingsaksies kan meer aandag kry.

Vervolg op bl. 9

Vervolg vanaf bl 8

Soos God vir Jesus gestuur het, stuur Hy ons nou verder met die krag van sy Gees. Die Pinksterbidure is verder 'n goeie tyd om terug te kyk op die Paassiklus en om onself af te vra hoe ons die beweging "from ashes" (Lydenstyd) "to fire" (Pinkstertyd) beleef het. Dit is 'n tyd vir toegespitste vernuwing in die kerk. Veral is dit 'n tyd waar die kerk ontdek dat sy 'n vreemde organisasie is. Waar alle ander organisasies daar is vir hulle lede, is hierdie organisasie, die kerk, daar vir sy nie-lede. Die wese van die kerk is dat die Gees ons die wêreld instuur.

Kleure in Pinkster: Rooi en goud simboliseer op die Pinksterdag die tonge van vuur.

Simbole, rituele en gebruike met Pinkster

- Die kerk het tradisioneel op die Pinksterdag lidmate gedoop wat nog nie met die Paassondag gereed was nie.
- Die viering van die verjaardag van die kerk is inderdaad 'n goeie tyd om ook die geestelike geboorte van nuwe Christene te vier.
- Vir reeds gedoopte lidmate is Pinksterdag 'n goeie geleentheid om hulle doopbeloftes te hernuwe.
- Op hierdie dag word aalmoese uitgedeel aan die armes.
- Spesiale klem word gelê op gasvryheid teenoor vreemdelinge.
- Uitstallings van kuns, handewerk, blomme, ensovoorts simboliseer op hierdie dag die gees se gawes aan die gemeente.
- Simbole en handeling laat die klem val op die talewonder, die eenheid van die kerk (dieselfde Gees woon in alle gelowiges) en die uitreik-karakter van die kerk.
- 'n Duif, tonge van vuur of 'n afwaartse pyl kan die Heilige Gees simboliseer, "n skip of reënboog simboliseer die kerk.
- Gesinne kan in hierdie tyd gerus 'n duif uit karton knip en dit op hulle voordeure plak.

PINKSTERFEES IS DIE AFSLUITING VAN DIE PAASTYD

Dit is die 50ste dag (pentekostos = Grieks vir "50ste") na Paasfees, en dui op die 40 dae waarin Jesus aan sy dissipels verskyn het tot met sy Hemelvaart, en die 10 dae waarin hulle in die bovertrek gebid het op die uitstorting van die Heilige Gees.


Pinkstertyd beslaan die tien dae vanaf hemelvaart tot Pinkstersondag (vanjaar 10 Mei tot 20 Junie). Dit oorvleuel dus met die laaste gedeelte van Paastyd.

Die fokus hier is natuurlik op die Heilige Gees wat uitgestort is op Pinksterdag om Sy kerk toe te rus om die evangelie na die uithoeke van die aarde uit te dra. Pinksterfees is dus ook sendingfees.



KINDERBLAD


God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming:
Hy was nog altyd bereid om te help in nood. (Ps. 46:2)



Begin by nommer 1 en eindig by nommer 90 om prentjie te voltooi.

LEESROOSTER : MEI 2018

(Joh.15:9-17; Hand.1:15-26; Joh.15:26-27; Joh.16:4-15; Rom.8:12-17)



DWARS

3. Die wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het. [Hand.1].
5. Judas het die gids geword van dié wat Jesus geneem het. [Hand.1].
7. Wat aan die behoort, behoort ook aan My. [Joh.16].
8. Ons onder 'n verpligting. [Rom.8].
10. Die wêreld is skuldig aan [Joh.16].
14. Julle is My as julle doen wat Ek beveel. [Joh.15].
15. Ek het julle
16. Julle moet in My bly! [Joh.15].
17. Ek gaan na toe wat My gestuur het.[Joh.16].
18. Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle [Joh.16].

AF

1. Hy sal My [Joh.16].
2. 'n Ondergeskikte weet nie wat sy doen nie. [Joh.15].
4. Die het al gekom. [Joh.16].
6. Hy is gekies as die twaalfde dissipel. [Hand.1].
9. Die van hierdie wêreld id klaar veroordeel. [Joh.16].
11. As julle My uitvoer, sal julle in My liefde bly. [Joh.15].
12. Die Gees van die waarheid sal julle in die hele lei. [Joh.16].
13. Julle moet mekaar [Joh.15].

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air,
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

